HALLO HOOGLAND

4 Februarie 2024

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

Baie Welkom by vanoggend se Erediens!

Daarmee saam ook spesiale welkom aan nuwe intrekkers en besoekers!

Mag jy tuis kom @ Hoogland!

Die leraar(s) wil jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, voor in die kerkgebou!

Kontak gerus die kerkkantoor (of kyk @ www.pehoogland.co.za) sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak.

Hoogland Gebedsaksie

Onthou dat enige gebedsversoeke vertroulik met 'n *WhatsApp* boodskap gestuur kan word na 079 815 9325. Stuur gerus ook: "GEBED + jou naam & van" na hierdie nommer as jy deel van die gebedsaksie *WhatsApp* groep wil wees.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
Hoogland het vanoggend die voorreg om die Doop aan drie babas te bedien:

- Clara Retha Cronje, dogtertjie van Estienne & Carla
- Ilané Waters, dogtertjie van Ilandré & Stef
- Karlo Prince, seuntjie van Daren & Ilonka

10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Sin. Jeug

Algemeen

Program vir die week:

Maandag: 5 Februarie
10:00 Gebedsaksie in die Gebedskapel
Dinsdag: 6 Februarie
14:00 Vrouebybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible*–kursus
Woensdag: 7 Februarie
08:45 B'Fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
Vrydag: 9 Februarie
05:15 Mannebediening in die Grot
18:00 Jeugaand
Saterdag: 10 Februarie
10:00 Dorings & Daisies

Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Koffie

Daar is lekker koffie in die Voorhuis! *Wees asseblief vrygewig in u donasies vir die lekker koffie daar!*

Lydenstyd 2024

Die droom is elke jaar dat elkeen in Hoogland gedurende die Lydenstyd (vanaf 14 Februarie tot en met 30 Maart) by jou huis 'n rooi lap om 'n boom sal draai of om jou hek sal bind as 'n getuienis in die gemeenskap dat ons as Christene in Lydenstyd is. Soos verlede jaar is daar weer vanaf Sondag, 4 Februarie ROOI lappe by Gemeentedienste beskikbaar @ R50 per lap. Sondag, 31 Maart vervang ons hierdie rooi lap met 'n wit doek om Opstandingsondag te vier.

So gaan ons geloof deur liefde oor tot dade van getuienis.

Doop @ Hoogland

Op ons lewenspaaie is daar verskeie belangrike momente. Hierdie momente word gemerk met iets: 'n verjaarsdag merk 'n geboortedag; 'n foto van die eerste skooldag merk 'n nuwe fase van opvoeding. Die doop as *sakrament* is 'n teken (merker) wat die Here vir ons gee om ook iets te merk. Wat word gemerk?

- God verbind Homself aan ons kinders met al sy liefde en genade.
- Christus Jesus was al ons sonde af deur die bloed van sy kruisdood, en ook sy opstanding uit die dood.
- Heilige Gees is ons voorspraak wat altyd met ons is.

Dit is tydens hierdie *roetemerker* in ons kinders se lewe dat ouers hulself ook verbind om vir hul kinders hierin 'n voorbeeld te wees.

Om die geloofsfamilie @ Hoogland se ouers toe te rus om ten beste hul kinders te begelei op hul geestelike reis, is daar 'n doopkursus waar voornemende ouers (saam met ander) op reis sal wees.

HOE werk dit?

Indien ouers vanaf die tweede kwartaal van 2024 wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba te doop, is 'n doopkursus `n vereiste. Indien die kursus een maal deurloop is, sal net 'n kort opvolg gesprek nodig wees vir 'n volgende baba se doop. In uitsonderlike omstandighede, sal voorsiening gemaak word vir 'n ouer/ouers om aanlyn in te skakel by die kursus.

Tyd? Plek? Datum?

Die doopkursus word **elke** kwartaal @ Hoogland aangebied:

- Kwartaal 1: Dinsdagaande, 20 Februarie tot 12 Maart om 18:00

(dus as jy oorweeg om April, Mei of Junie te doop, is hierdie verkieslik die datums vir jou doopkursus)

- Kwartaal 2: Dinsdagaande, 21 Mei tot 11 Junie om 18:00

(vir enige ander doopdatums gedurende die jaar kan ouers/voornemende ouers enige kursus bywoon **vóór jou doopdatum**).

Bespreking:

Bespreking om die doopkursus by te woon, geskied deur Leandra by die kerkkantoor te kontak by: 041-367 1485 / leandra@pehoogland.co.za / WhatsApp: 079 815 9325.

4 Februarie is Wêreldkankerdag!

VANDAG - bid ons getrou vir dié wat steeds die stryd daagliks moedig stry, ons vier die lewe saam met elkeen wat nog lewe en ons eer dié wat die stryd verloor het.

Bybelstudies @ Hoogland vir 2024

Daar is VERSKEIE geleenthede om weekliks by 'n Bybelstudiegroep aan te sluit. Kom Woon in die Woord, kuier en leer saam met ander gelowiges.

Vrouebybelstudie

Begin 6 Februarie : Dinsdagmiddae om 14:00 – 15:00

'n Bybelstudiegroep vir vroue. Hulle noem hulself die Vonkelvroue. Die studies word gelei deur Saretta Dawson. Dit vind plaas in die Raadsaal by die kerkkantoor.

Ons behandel die eerste semester van elke jaar gewoonlik 'n onderwerp waarmee almal kan identifiseer en dit lei tot besondere gesprekke. Ons tema vir die eerste kwartaal is 'n informele oorsig van die Bybel. Die tweede semester werk ons 'n bietjie harder, dan bestudeer ons 'n boek van die Bybel.

Jy kry jou eie boek, werk/lees die hoofstuk ('n paar bladsye) deur die week deur en ons gesels Dinsdae daaroor. Dames kom sluit gerus aan.

Gemeentebybelstudies

Begin 7 Februarie : Woensdagoggende om 08:45 – 09:45 by Buffelsfontein aftree-oord. Enigiemand is welkom om dit daar by te woon. Die studies word gelei deur Freddie Randall en ondersteun deur ds Pieter.

Begin 7 Februarie : Woensdagoggende om 10:00 – 11:00 by Hoogland in die kerksaal. Enigiemand is welkom om by hierdie groep aan te sluit. Dit word gelei deur ds Pieter (en per geleentheid iemand anders.) Die groep is besig met 'n reeks getiteld: Bybelse Idiome deur Johan Delport en sal dit deur die loop van die kwartaal voltooi.

Dit is van so aard dat jy wel steeds nou kan inskakel en deel wees.

Unlocking the Bible - kursus

Begin 6 Februarie : Dinsdagaande om 18:30 – 20:00 (op die laatste)

Kom sluit gerus by ds Pieter & Paul aan en ontsluit al die geheime van Openbaring.

Stuur asseblief 'n WhatsApp met jou NAAM & VAN na 079 815 9325 as jy by enige van hierdie Bybelstudies wil inskakel.

Dorings & Daisies - Bediening aan senior lidmate

♥ AANDAG!!! Alle Senior Lidmate van Hoogland ♥

As jy oud genoeg *voel* (ongeveer 65+) en maandeliks lekker wil kom saamkuier, word jy hartlik uitgenooi om volgende Saterdag, 10 Februarie om 10:00 te kom aansluit by Dorings & Daisies vir 'n Valentynstee! ♡

Nuwelinge wat graag wil deel wees is ook baie welkom - Whatsapp/SMS jou Naam & Van vir Reinette 083 642 2660 of skakel die kerkkantoor.

Gemeentekamp

Die Hoogland-familie gaan weer kamp!

15 - 17 Maart 2024 te Innikloof (14 km buite Hankey)

Kostes beloop R125 / volwassene per nag & R65 / kind per nag
Bespreek by Leandra in die Kerkkantoor :

- Stuur 'n epos na - leandra@pehoogland.co.za
- Skakel Leandra in die kantoor - 041 367 1485
- Stuur 'n *Whatsapp* - 079 815 9325 met jou naam & kampbespreking

Bewys van betaling kan gestuur word na leandra@pehoogland.co.za met verwys KAMP+ jou naam.

Innige meegevoel

As geloofsfamilie dink Hoogland in besonder aan :

* Tanya & Hennie Foster, ouboet JB, kleinsus Anke en ook aan Bernard & Meliska Marais en boetie Marnus met die baie skielike heengaan van Nielen, 'n graad 11 leerling aan Hoërskool DF Malherbe.
  Reëlings vir sy troosdiens is nog nie bekend nie.
* Gail du Preez en haar kinders met die afsterwe van Aalwyn. Wie sal hom en sy motorfiets wat gou kom help wors braai het ooit vergeet? Sy gedenkdiens was reeds Woensdag, 31 Januarie.
* Die kinders en kleinkinders van Tannie Elsabe Verwey van Buffelsfontein. Haar diens is Saterdag, 17 Februarie om 11:00 vanuit Hoogland.

Uit die hart ...

Die aangrypende film: *"Chariots of Fire"*, gaan oor Eric Liddell se verhaal as gunsteling atleet vir die 100m by die Olimpiese Spele in 1924, Parys. Eric is 'n Christen-gelowige en op daardie stadium die vinnigste atleet.

Liddell het egter geweier om aan hierdie gesogte item deel te neem omdat dit beteken het dat hy een van die uitdunne op 'n Sondag sal moet hardloop. Die media en selfs die Prins van Wallis het hom probeer oorreed om wel deel te neem, maar hy het geweier.

Op die dag, 'n Sondag, wat die uitdun gehardloop is en Liddell nie wou deelneem nie, het hy na 'n Skotse Presbiteriaanse Gemeente gegaan. Tydens die diens is daar onder andere uit Jesaja 40 gelees en vers 31 het sy aandag getrek: *"...maar die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie."*

Eric is toe wel die geleentheid gegee om in die 400m resies deel te neem, wat hy nog nooit van te vore gehardloop het nie. Liddell het in die 400m weggespring teen 'n 100m-pas. Kommentators en kenners wat dit sien, het gemeen dat hy nooit die volle 400m teen daardie pas sou kon volhou nie, sou uitsak en verloor. Eric Liddell het egter volgehou, die 400m gewen en dit in 'n nuwe wêreldrekord-tyd voltooi.

Ek glo nie ons almal gaan nou hier wegspring en teen 'n gevaarlike pas begin hardloop nie, net omdat ons ook Jesaja 40:31 gelees het met die belofte dat die wat op die Here vertrou nuwe krag kry. Wat ek wel glo is dat die Alwetende Here van hemel en aarde, presies weet waarvoor ek krag nodig het om Sy naam te eer en binne Sy wil te leef in hierdie wêreld. Miskien is dit die krag om eenvoudig in die oggend op te staan, of dalk die krag om 'n verslawing teen te staan. Iemand anders mag dalk krag nodig hê om 'n ongemaklikheid reg te stel, 'n verkeerdheid aan te spreek of om weg te stap van 'n versoeking wat vir jou loer.

Mag die Here aan jou arendsvlerke gee... Die Here belowe dit aan dié wat op Hom wag...

Groete... ds Pieter